# 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE HISTORIESE NAVORSING IN DIE NASIONALE KRUGERWILDTUIN

deur DR. W. H. J. PUNT.

Tot met die totstandkoming van die Krugerwildtuin in 1926 was daar geen sistematiese historiese navorsing in die gebied gedoen nie. Gedurende die tydperk 1910-1925 het die hoofopsigter, kolonel Stephenson-Hamilton, egter in die geskiedenis van die Wildtuin begin belangstel. Deur persoonlike navrae onder die naturelle het hy historiese gegewens ingewin maar nie sistematies gerangskik of uitgegee nie.

Toe die Wildtuin in 1926 vir die publiek oopgestel is, het ons die suidelike deel vir die eerste keer besoek. Destyds was die diere nog besonder wild en veral die rooibokke en swartwitpense het gou gevlug. Tydens hierdie reis het ons met verskeie persone gesprekke oor historiese gebeurtenisse in die Laeveld en Wildtuin gehad, waaruit geblyk het dat die gebied ryk aan historiese gebeurtenisse is.

In 1928 het ons 'n begin gemaak met die sistematiese navorsing en kartering van die Voortrekkerroetes in Noord-Transvaal. Die gegewens het bewys dat die roetes van die Louis Trichardt- en Van Rensburg-trekke deur die Wildtuin na Mosambiek gaan. In dieselfde jaar was dr. Claude Fuller, van Onderstepoort, besig om Trichardt se roete oor die Drakensberge deur die Laeveld en Wildtuin na Delagoabaai vas te stel.

Die regstreekse belangstelling en steun van die kant van die Parkeraad vir ons historiese navorsing in die Wildtuin het in 1931 begin. In daardie jaar het ons, vergesel van dr. R. Barrowman, na die Van Rensburgtrekroete en -moordplek in die Punda Milia-streek ondersoek gaan instel. Die gebied was toe nog nie aan die publiek oopgestel nie, maar dr. G. Preller, destyds lid van die Parkeraad, het vir ons 'n toegangspermit verkry en met behulp van veldwagter Botha is driwwe, riviere, ou paaie, bos ens. in die streek ondersoek asook sekere historiese gegewens van mnr. B. H. Dicke ter plaatse getoets. 'n Groot indaba van inboorlinge is by Punda Milia belê, en hulle is oor die Van Rensburggeskiedenis uitgevra. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die Van Rensburgers in 1836 nie met hul waens en vee deur die ontoeganklike

Pafuri-gebied getrek het nie; ander moontlike roetes deur die Wildtuin moes dus nagevors word.

Dr. Claude Fuller het sy navorsing van Trichardt se roete juis in daardie jaar uitgegee.[1] Hierin het hy sy sienswyse oor die Trichardtroete deur die Wildtuin gegee. Dit is 'n belangrike bydrae tot die Trichardtroete-navorsing in Transvaal. Oor sekere aspekte van die roete was ons dit nie met hom eens nie, en ons het in 1932 dr. G. Preller weereens om hulp genader en wel met die versoek om 'n veldwagter te vra om Louis Trichardt se roete deur die Wildtuin opnuut na te gaan.[2] Veldwagter Louis B. Steyn is toe gevra om die werk te onderneem en op 10.12.1932 het sy breedvoerige verslag in „Die Vaderland" onder die opskrif „Louis Trichardt se Worstelweg deur die Wildtuin", verskyn.

In Julie 1938 het ons nogmaals tevergeefs na die Van Rensburgmoordplek in Mosambiek gaan soek. Na hierdie ekspedisie het dit duidelik geword dat ons meer betroubare gegewens aangaande topografie en ou paaie deur die Wildtuin moes kry alvorens die moordplek buite alle twyfel aangewys kon word. Met behulp van ou landkaarte van die Laeveld en Wildtuin en ander dokumentêre gegewens het ons toe in September 1939 drie artikels (met roetekaart) oor die Van Rensburgmoord in „Die Volkstem" gepubliseer.

Ons navorsing van die Voortrekkerroetes in Suidelike Afrika het in 1946 'n belangrike gevolg gehad, want in daardie jaar het die Transvaalse Provinsiale Raad opdrag gegee dat Louis Trichardt se roete van Zoutpansberg na Delagoabaai vir opvoedkundige doeleindes verfilm moet word. Die Administrateur van Transvaal, Sy Edele genl. J. J. Pienaar, het my as leier van die ekspedisie aangestel. In samewerking met die Parkeraad, staatsdepartemente en die Portugese owerheid in Mosambiek het ons 'n 16 mm. kleurrolprent van die Trichardtroete deur die Wildtuin vervaardig en dié rolprent word nog in ons land vertoon.[3]

Die studie van die Voortrekkerroetes in ons land het daarna al hoe meer belangstelling geniet. Ons navorsing het verder 'n belangrike stoot vorentoe gekry toe die Minister van Lande, mnr. J. G. Strijdom, in 1949 gelas het dat die geskiedenis en benaming van die ou trekpaaie tussen Lydenburg en Lourenco Marques, veral in die Wildtuin, nagegaan moet word. Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke het ons in hierdie verband genader en versoek om die navorsing te onderneem.

Vergesel van die ou transportryer, mnr. J. G. Basson van Pretoria, het ons in 1950 die transportpad van Barberton oor Pretoriuskop na Lourenco Marques gevolg. Mnr. Basson wat die pad tussen 1883-86 meermale met ossewa afgelê het, kon die roetes asook plekname nog besonder noukeurig aanwys sodat ons op 17.10.1950 die verslag van ons bevindings met roetekaart aan die Raad

1. Fuller, C., „Louis Trigardts Trek across the Drakensberg" V. Riebeeck Society 13.
2. Punt, "Louis Trichardt se Laaste Skof", p. 91.
3. Louis Trichardt se Trek in 1838 van Zoutpansberg na Delagoabaai." Die rolprent is verkrygbaar van die Afdeling Oudio-Visuele Opvoeding, Imapalagebou, Pretoria.

voorgelê het. Op die kaart is die Voortrekkername van die paaie aangedui, en o.m. is bewys dat die „Jock of the Bushveld-pad" die „Oude Wagenweg na Delagoabaai" is. Die bekendmaking van die historiese gegewens aangaande die aandeel van die Lydenburgse Voortrekkers, genl. A. H. Potgieter, Karel Trichardt, Joao Albassini, Abel Erasmus, Nellmapius en ander, in die aanlê en totstandkoming van die transportpaaie deur die Wildtuin het besondere belangstelling geniet. Jare later het hierdie bevindings dan ook die toekenning van name aan moderne paaie en strate in Oos-Transvaal sterk beïnvloed.

In September 1950 het mnr. A. Schiel my na Noord-Transvaal vergesel om my behulpsaam te wees met die navorsing van die Voortrekkerroetes na die Wildtuin. Terselfdertyd het hy inligting aangaande die verspreiding van die runderpes in die Noordelike Wildtuin in 1896 verskaf. Destyds het hy in daardie gebied gejag en bevind dat veral wildehonde en koedoes by honderde daar doodgelê het. Slegs op een koppie effens suid van Tshikundukop is nog koedoes aangetref.

Die volgende maand het ons in samewerking met die Parkeraad en veldwagter Henry Wolhuter die roete van die geoloog dr. E. Cohen van Lydenburg na Delagoabaai deur die Nasionale Krugerwildtuin, soos op sy kaart aangegee, noukeurig nagegaan. Dr. E. Cohen het in Junie 1873 te voet van Lydenburg deur die Wildtuin na Lourenco Marques gestap. Sy boek bevat die eerste beskrywing en kleurseksies van geologiese formasies in die Laeveld en Wildtuin.[4] Verder vermeld die reisverhaal ook die voorkoms van fauna en flora langs die roete en gegewens oor die verspreiding van naturelle in die huidige Wildtuin en omgewing.

Ons het in 1950 ook kon vasstel waar Joao Albassini se hoof-indoena, Manoeng (omstreeks 1848-60), se winkel by Pretoriuskop gestaan het. Die oorblyfsels van Albassini se ander winkel by Josekulu moet nog gevind word. Agter Skipberg het ons die graf van die Voortrekker Stoltz besoek. By Makuzullaskraal aan die Sabierivier is die murasie van Joao Albassini se huis ondersoek. Maar ook buite die Wildtuin en in ander dele van ons land en suidelike Afrika asook Europa, het ons steeds gegewens oor die Voortrekkerroetes en -geskiedenis ingewin en uitgegee.[5]

Al hierdie navorsing het die openbare belangstelling in die Wildtuin se geskiedenis laat groei. Die Historese Monumentekommissie wou sekere historiese plekke met bronsplate laat aandui. In 1957 het ons in geselskap van die Direkteur van Nasionale Parke, mnr. Rocco Knobel, verskeie plekke in die Wildtuin vir die aanbring van bronsplate uitgesoek. Op hierdie inspeksiereis het ons waardevolle nuwe inligting aangaande die Trichardttrek gekry, en dit het ons

4. Cohen, E., „Erlaüterunde bemerkungen zu der Routenkarte einer reise von Lydenburg nach der Delagoa Bai in Ostlichem Süd-Afrika", Hamburg 1875.

5. (a) Punt, „Map of Voortrekkerroutes in the Union of South Africa and Mocambique". Philip New Large Print Atlas for South Africa, London, 1930, and revised in 1954.

(b) Punt, „Louis Trichardt se Laaste Skof," p. 36, 54, 67, 78, 91, 96, 117.

aangemoedig om weereens die Van Rensburgraaisel aan te pak en te probeer oplos.

Op hierdie reis het ons ook waardevolle inligting in verband met die plekname van Louis Trichardt se patrollierit in Julie-Augustus 1836 verkry. Hierdie gegewens het ons laat besluit om die oplossing van die Van Rensburgraaisel van 'n geheel nuwe standpunt te benader. Ons het ons navorsing toegespits op die vasstellig van Louis Trichardt se patrollierit van Zoutpansberg na die Limpopo gedurende Julie-Augustus 1836. In dié betrokke maande het hy na Van Rensburg en sy mense gaan soek en tot 'n paar myl van die moordterrein gevorder. Deur hierdie roete vas te stel, moes ons dan by die Van Rensburgmoordterrein uitkom.

As gevolg van die nuwe inligting dat die stat van kaptein Inkoerie in 1836 by Mapai was, het ons in Januarie 1958 weer na Punda Milia gereis. Vergesel van veldwagter P. van der Merwe en mnr. J. M. de Wet, is die deurgange en poorte in die Lebomboberge in die Noordelike Wildtuin ondersoek. 'n Paar maande later het ons die navorsing weer voortgesit. Vergesel van veldwagter G. Adendorff en prof. W. J. de Kock kon ons vasstel dat Trichardt se kaptein Inkoerie by Mapai op die regterwal van die Limpopo gewoon het en dat die Buffelslaagte in die Dagboek van Trichardt die Tendevlakte van vandag is. Van Kurulen sendingstasie het ons die baie ou jagterspad agter die Ysterberg om, al langs die Klein Letaba tot naby die Wildtuingrens gevolg. Dit is die pad wat Van Rensburg en sy mense na die Limpopo oop getrap het en wat die Trichardtpatrollie in 1836 gevolg het. Hierdie gegewens tesame met die inligting wat die inboorlinge verskaf het, het ons tot die gevolgtrekking laat kom dat Van Rensburg en sy mense in die rigting van die saamloop van die Olifants- en Limpoporiviere getrek het en in daardie omgewing die dood gevind het.

Kort hierna het ons, ons beywer om die roete van die eerste blankes in Transvaal vas te stel omdat dit van besondere betekenis vir die geskiedenis van die Wildtuin is. 'n Ekspedisie van die Parkeraad het in 1957 die roete van Frans de Kuiper se tog van Lourenco Marques na die Laeveld in 1725 vasgestel.

Hierdie Hollandse militêre ekspedisie van 30 man onder aanvoering van Frans de Kuiper en Johannes Monna het die opdrag van die V.O.C. in Kaapstad gehad om 'n landweg van Delagoabaai na die goudvelde van Monomotapa (S. Rhodesië) te vind. Die ekspedisie het tot in die huidige Wildtuin gevorder, maar is op 12 Julie 1725 by Gomondwane deur die naturelle teruggedryf.

Die Parkeraad se ondersoek kon de Kuiper se roete van Moamba in Mosambiek deur Komatipoort, verby Krokodilrivierkamp en tot by Gomondwane, 30 myl suid van Skukuza, vasstel. De Kuiper se dagboek het dit vir ons moontlik gemaak om die driwwe in die Komati- en Krokodilrivier, waar die ekspedisie deur is, te bepaal. De Kuiper en sy manne was nie alleen die eerste blankes om die Transvaal en die huidige Wildtuin binne te dring nie,

maar hy het ook vir ons 'n waardevolle dagboek nagelaat, waarin ons besonderhede aangaande die naturelle en die flora en fauna van 250 jaar gelede in die Laeveld vind.[6]

Met die samewerking van die Parkeraad en 'n toekenning van die Raad vir Sosiale navorsing het ons in November 1958 die Van Rensburgondersoek voortgesit. Ons het 'n ekspedisie na Mahosi in Mosambiek in die omgewing van die saamloop van die Olifants- en Limpopo onderneem. Die gegewens wat ons hier van die naturelle gekry het, was só waardevol en belowend dat die Parkeraad en ons besluit het om in 1959 weer 'n ekspedisie na Mosambiek te onderneem om na die Van Rensburgmoordplek te soek.

Die 1959 ekspedisie het daarin geslaag om die Van Rensburgmoordplek ongeveer 35 myl noord van die saamloop op die regterwal van die Limpopo in Mosambiek vas te stel. Ons het o.a. 'n aambeeld wat aan daardie noodlottige trek behoort het, gevind en na Pretoria teruggebring. Tans is die aambeeld in die Voortrekker Monument-museum in Pretoria. Die volledige verslag van hierdie Parkeraad-ekspedisie is deur die Parkeraad gepubliseer.[7]

Die Historiese navorsingswerk wat deur die Parkeraad gedoen is, het ook 'n besliste gunstige uitwerking buite die Nasionale Krugerwildtuin gehad, en 'n sterk invloed uitgeoefen op die gee van straatname in dorpe van die Laeveld en Lydenburgse distrik, en ook die belangstelling van kultuurliggame gaande gemaak.

Onder die voorsitterskap van veggeneraal R. Hiemstra het die A.K.V.V. die De Kuiperekspedisie van Julie 1725 in 1960 weer laat herleef, toe 'n dertigtal mans in die militêre drag van die tyd 'n voorstelling van De Kuiper se aankoms in die Oos-Transvaal en Wildtuin voorgestel het. Hierdie kleurvolle voorstelling het orals in ons land groot belangstelling in die Laeveld se geskiedenis laat ontstaan. Sedertdien het die Historiese Monumentekommissie bronsplate by Komatipoort en De Kuipersdrif in die Krokodilrivier aangebring, terwyl die Parkeraad 'n bronsplaat vir De Kuiper en sy manne by Gomondwane aangebring het.

Daar lê egter nog veel navorsingswerk in die Wildtuin voor, voordat die geskiedenis van die K.N.P. in sy geheel uitgegee kan word. Ons dink hier bv. aan die geskiedenis van die naturelle in die Laeveld, Arabiese en Oosterse invloed op die handelsweë na Monomotapa, die bewaring van ou strukture en plekname, die witman se aandeel in die ontginning van die gebied, ens.

'n Mooi begin is egter gemaak en 'n deeglike grondslag gelê sodat die historiese navorsing mettertyd hopelik 'n volledige beeld van Suid-Afrika se grootste wildbewaringsgebied sal kan gee.

---

6. Punt, „Die verkenning van die Krugerwildtuin deur die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, 1725". Koedoe, Nr. 1 — 1958, p. 1-16.
7. Punt, „Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is" (met kaart) Koedoe Nr. 3, 1960. p. 206-237.